

*Sondag 11 September*

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:1-6**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:5-6**

### **Wie God ken**

Johannes kontrasteer diegene wat van die wêreld is, met diegene wat uit God is (4:5-6). Hy praat van die bose wêreldstelsel wat homself teen God stel (Joh. 2:15-17) wanneer hy in hierdie brief oor die wêreld praat. Gelowiges moet nie hierdie wêreldstelsel liefhê nie, want dit is om teen die Here te wees (Joh. 15:18-25).

Ons weet dat ons gelowiges wat die Heilige Gees besit, kan herken. So kan ook diegene wat die gees van die Antichris besit, herken word. Dit is duidelik vanuit die fokusverse dat diegene wat die gees van die Antichris besit, diegene is wat van die wêreld is (1 Joh. 4:5). Elke onderwyser wat sy aandag op die dinge van hierdie wêreld vestig, kan herken word as nie van God nie. Ons moet nie verras wees as diegene wat hulle opdragte volgens die sondige norme van die kultuur vorm, 'n ywerige gehoor van die wêreld kry nie. Johannes sê vir ons dat dit beslis sal gebeur. Teenoor dié wat van die wêreld is, staan dié wat uit God is. In vers 6 skryf Johannes: "ons is uit God" en dat dié wat die gees van die Antichris ken en besit, nie luister na dié wat uit God kom nie. Waar Johannes in vers 6 na "ons" verwys, praat hy spesifiek van die apostels. Johannes maak dus 'n eksplisiete aanspraak op apostoliese gesag. Sodoende herhaal hy bloot die uitspraak van Jesus dat almal wat sy apostels ontvang, Jesus self ontvang (Matt. 10:40). Vandag ontvang ons die apostels deur gehoor te gee aan hulle kanonieke geskrifte en sodoende, soos Johannes se oorspronklike gehoor, te openbaar dat ons van God is.

Is jy van die wêreld of is jy van God? Luister jy na die stem van Jesus wat deur sy apostels in die Nuwe-Testamentiese geskrifte praat, of luister jy na die stem van die wêreld wat deur ons sondige neigings praat? Vra die Here om jou hart te deursoek om te vind waar jy na die wêreld geluister het.

*Sing: Psalm 25-1:2, 5*

*Ds. GD Oosthuizen (Orrie) (Uitschot)*